

Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 35

> *Josia het Neko egter nie met rus gelaat nie. Hy het hom vermom met die oog op die geveg en nie geluister na wat Neko op bevel van God self gesê het nie. (2 Kron 35:22)*

Hierdie tragedie speel af te midde van die magstryd van die

wêreldmoondhede van destyds – Assirië, Babel en Egipte. Assirië is deur Babel verslaan en Nineve het geval. Egipte was bekommerd oor die opkoms van Babel en het die Assiriërs te hulp gesnel. Hiervoor het hulle deur Juda getrek, tot Josia se misnoeë. Hy het waarskynlik gevrees dat Assirië, met Egipte se hulp, weer tot hulle ou glorie sal herrys. Daarom keer hy Neko se magte voor. Dit was ’n noodlottige besluit, want op die slagveld sneuwel hierdie knap, Godvresende koning.
Interessant dat die enigste verwysing na God in die hele vertelling uit die mond van Neko kom (vers 21). Die Kronis het dit geïnterpreteer as God wat deur Neko praat (vers 22). Dit is so dat mense wat nie glo nie, deur God gebruik kan word. Ek sou egter meer gerus gewees het as ek gelees het dat Josia self vir God geraadpleeg het voordat hy hom in ander volke se magstryde begeef het.
Spreuke 3:5,6 sou hom goed te pas gekom het.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026